191. T. 7 (55)

MOTIVERING I.S. EREDOKTORSGRAAD:

MNR. J.D.M. KEET 11. 12. 65

In Suid-Afrika is daar vandag seker niemand wat so 'n belangrike aandeel aan die ontwikkeling van die verskillende sye van ons Bosbou gehad het soos mnr. J.D.M. Keet nie. Daarom is die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan hom 'n gepaste en welverdiende bekroning van sy liefdes- en lewensarbeid.

Mnr. Keet het as jong man op 1 Januarie 1908 in die diens van die Departement van Bosbou getree. Deur harde werk, onberispelike pligsgetrouheid en tintelende geesdrif het hy dit ses-en-twintig jaar later tot Direkteur van Bosbou gebring. Dit was sy verantwoordelikheid om gedurende die moeilike jare, 1934 - 1942, in hierdie posisie aan die hoof van die Departement van Bosbou te staan.

Vir mnr. Keet was ons Bosbou steeds 'n groot, lewende geheel: die natuur, ons bosse, die mense wat daar 'n bestaan vind, die waarde wat dit vir die Staat en die indiwidu het, die invloed wat dit op die landsekonomie uitoefen, die opleiding wat vir die wetenskaplike bosbouer nodig is - dit is 'n paar van die hoofsake waarmee hy hom in sy lang en vrugbare lewe onvermoeid besig gehou het.

Dit was hy wat ons bosbou tot 'n magtige middel van grond- en natuurbewaring gemaak het; dit was hy wat met die stelsel van bosbounedersettings begin het, waardeur honderde minder bevoorregte, behoeftige mense 'n gesonde heenkome gevind het; en dit was ook hy wat in hoë mate aan ons bosbouwetgewing vorm gegee het, bv. deur die Boswet (No. 13 van 1941) en die Grondbewaringswet (No. 45 van 1946), twee maatreëls van kardinale belang wat albei deur hom opgestel is. In sy arbeid is hy aktief gesteun deur sy lojale vriend en

geesgenoot/.......

geesgenoot, die onvergeetlike dr. Hans Merensky, wat ongelukkig nie meer met ons is nie, maar wie se naam - net soos dié van mnr. Keet - in verband met ons bosbou nooit sal sterf nie.

Mnr. Keet sal deur die hele Suid-Afrika altyd met dankbaarheid onthou word, maar insonderheid sal die Universiteit van Stellenbosch hom nooit vergeet nie, want dit was grotendeels aan hom te danke dat, meer as dertig jaar gelede, 'n Departement van Bosbou aan die Universiteit gestig is, 'n Departement wat vandag tot 'n leidende Fakulteit vir ons hele land uitgegroei het.

Vir mnr. Keet sal die toekenning van 'n eredoktorsgraad in die Bosbou, as bewys van waardering vir die werk wat hy gedoen het, seker 'n vreugde wees; vir die Universiteit van Stellenbosch, wat hierdie toekenning maak, is dit egter nie net 'n vreugde nie, dit is veel méér: dit is 'n voorreg en eer, wat die Universiteit - en ons almal - tot blywende, diepe dankbaarheid stem.

H. B. THOM
R E K T O R

Stellenbosch,
11 Desember 1964.